testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2017

## GRAAD 9

# EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

**TYD: 1 uur**

**PUNTE: 100**

**11 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**

**TYD: 1 uur**

**PUNTE: 100**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, AFDELING B, AFDELING C EN AFDELING D en is gebasseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die CAPS dokument.**

**AFDELING A: ALLE ONDERWERPE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 1.1: | Meervoudigekeuse-vrae | (10) | [5 x 2 = 10] |
| VRAAG 1.2: | Onderstreep die korrekte woord | (5) | [5 x 1 = 5 ] |
| VRAAG 1.3: | Waar of Onwaar | (5) | [5 x 1 = 5 ] |
| VRAAG 1.4: | Pasitems | (10) | [5 x 2 = 10] |
| | | **[30]** | |

**AFDELING B: DIE EKONOMIE**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | Ekonomiese Stelsels | (6) |
| VRAAG 3: | Ekonomiese Kringloop (Diagram) | (7) |
| VRAAG 4: | Prysteorie (Grafiek) | (7) |
| | | **[20]** |

**AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5: | Joernale | (25) |
| VRAAG 6: | Grootboek | (5) |
| | | **[30]** |

**AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 7: | Sektore in die Ekonomie | (20) |
| | | **[20]** |

2. Al die vrae is **VERPLIGTEND**.
3. Kandidate moet hulle kennis, vaardighede en insig gebruik om die vrae te beatnwoord.
4. Beantwoord al die vrae (Afdeling A – D) in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Die gebruik van nie-grafiese en nie-programmeerbare sakrekenaars is toelaatbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) in die spasie onder die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.15) in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is, neer**.**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 Jakes Winkels het ŉ verkoopsprys op ŉ item van R1 200 met ŉ winspersentasie van 20%. Bereken die kosprys.

A R1 500
B R1 000
C R 800
D R 350 (2)

1.1.2 ŉ … ekonomie het elemente van beide ŉ vrye mark en ŉ beplande ekonomie.

A Globale
B Kapitale
C Gemengde
D Skaars (2)

1.1.3 Die … is ŉ lys van al die saldo's in die algemene grootboek.

A kontantbetalingsjoernaal
B finansiële state
C brondokumente
D proefbalans (2)

1.1.4 Mnr Jacobs stuur goedere terug na Danny's Winkels en ontvang ŉ …

A kredietnota.
B kwitansie.
C tjekteenblad.
D faktuur. (2)

1.1.5 As die … sektor nie hulpronne op ŉ volhoubare manier gebruik nie, sal dit tot ŉ tekort aan hulpbronne lei om goedere te vervaardig.

A primêre
B buitelandse
C sekondêre
D tersiêre (2)
**[10]**

1.2 **ONDERSTREEP DIE KORREKTE WOORD**

Lees die volgende stellings en kies die korrekte woord tussen hakies. Onderstreep die korrekte woord langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK.

1.2.1 Wanneer ŉ produk se (metode / koste) goedkoop is om te maak, sal ŉ verskaffer ŉ groter hoeveelheid (meer) daarvan maak. (1)

1.2.2 ŉ (Mark / Beplande) ekonomie, is ŉ ekonomiese stelsel is waar besluitneming gesentraliseerd is. (1)

1.2.3 Die (Verbruikersbeskermingswet / Nasionale Krediet Wet) is in werking gestel om verbruikers te beskerm deur sekere regte aan hulle toe te ken. (1)

1.2.4 Die (geld / reële) vloei beskryf die vloei van die produksiefaktore, asook die vloei van goedere en dienste in ŉ geslote ekonomie. (1)

1.2.5 Mnr King het sy rekening ten volle vereffen by KG Winkels en ŉ (faktuur / kwitansie) ontvang. (1)

**[5]**

1.3 **WAAR OF ONWAAR**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK.

1.3.1 Invoere en uitvoere vorm deel van ŉ geslote ekonomie. (1)

1.3.2 Die toestaan van krediet aan verbruikers verhoog verkope. (1)

1.3.3 Die aarde het ŉ beperkte aantal hulpbronne vir besighede om te gebruik. (1)

1.3.4 Wanneer die Kontantontvangstejoernaal oorgeboek word na die Algemene Grootboek, is dit die reël om die Bankrekening te debiteer en al die ander rekeninge te krediteer. (1)

1.3.5 ŉ Beplande ekonomie is die neiging tot meer ekonomiese integrasie en samewerking tussen verskillende lande. (1)

**[5]**

1.4 **PASITEMS**

Pas die **beskrywing** in KOLOM B by die **terme** in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A – F) in die spasie onder die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 Algemene Grootboek | A Vereis ŉ verskeidenheid van vaardighede van ongeskoolde werkers |
| 1.4.2 Vervaardigers | B Kliënte wat geld aan die besigheid skuld |
| 1.4.3 Werk in die primêre sektor | C Verkopers van goedere en dienste wat hulle vervaardig of verskaf |
| 1.4.4 Debiteure | D Kapitaal, grond, natuurlike hulpbronne, arbeid en entrepreneurskap |
| 1.4.5 Faktormark | E Bevat die rekenkundige rekords van die onderneming |
| | F Geld wat benodig word om ŉ onderneming te begin |

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**


**AFDELING B**

**DIE EKONOMIE**

**VRAAG 2**

**EKONOMIESE STELSELS**

2.1 Identifiseer die ekonomiese stelsel wat deur elke prentjie voorgestel word.

| **2.1.1** | **2.1.2** |
|---|---|
|   |  |

(2x1) (2)

2.2 Verduidelik kortliks die ‘ekonomiese probleem’. (2)


2.3 Bespreek EEN nadeel van ’n mark ekonomie. (2)

**[6]**

**VRAAG 3**

**DIE EKONOMIESE KRINGLOOP**

Bestudeer die volgende ekonomiese kringloop voordat die vrae beantwoord word.




3.1 Identifiseer (A – C) in die bostaande diagram. (3x1) (3)

3.2 Bespreek die regering se interaksie met huishoudings en besighede in ŉ geslote ekonomie. (4)

**[7]**

**VRAAG 4**

**PRYSTEORIE**

Joseph maak en verkoop juweliersware van krale. Hy verkoop ŉ verskeidenheid kulturele- asook moderne krale-items aan Durbanse toeriste. Bestudeer die volgende skedule en beantwoord die vrae wat volg in jou ANTWOORDBOEK.

**VRAAG EN AANBODSKEDULE VIR JOSEPH SE KRALE**

| PRYS (R) | HOEVEELHEID GEVRA | HOEVEELHEID AANGEBIED |
|---|---|---|
| 8 | 100 | 0 |
| 16 | 70 | 20 |
| 24 | 40 | 40 |
| 32 | 20 | 60 |
| 40 | 0 | 80 |

4.1 Maak gebruik van die bostaande skedule om ŉ vraag- en aanbod kurwe op dieselfde assestelsel te teken. (5x1) (5)

4.2 Hoeveel is die ewewigsprys? Skryf slegs die antwoord in jou ANTWOORDBOEK neer. (1)

4.3 Afgesien van prys, noem nog EEN faktor, wat jy dink die vraag na Joseph se krale sal beïnvloed. (1)

**[7]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C

## FINANSIËLE GELETTERDHEID

## VRAAG 5

## JOERNALE

Die volgende transaksies het plaas gevind in die boeke van Davies Matte vir September 2016. Die besigheid het 'n winsopslag van 25% op kosprys.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

Gebruik die transaksies wat gegee word om die volgende joernale vir die besigheid vir September 2016 op te stel:

5.1 Kontantontvangstejoernaal met ontledingskolomme vir Ontleding van Ontvangste; Bank; Verkope; Koste van Verkope; Debiteurekontrole en Diverse Rekeninge. (8)

5.2 Kontantbetalingsjoernaal met ontledingskolomme vir Bank; Handelsvoorraad, Toerusting en Diverse Rekeninge. (7)

5.3 Debiteurejoernaal met kolomme vir Verkope en Koste van Verkope. (5)

5.4 Debiteure-afslagjoernaal met kolomme vir Debiteure-afslag en Koste van Verkope. (5)

**BELANGRIK:** **Moenie** die joernale afsluit op 30 September 2016 nie.

**TRANSAKSIES VIR SEPTEMBER 2016:**

**03** Tjek nr. 011 is uitgereik aan Savvy Winkels vir die aankoop van:
- Goedere vir R5 000
- Skryfbehoeftes vir R500
- Rekenaar en drukker vir R10 000

**06** Kontantverkope van goedere volgens die kasregisterrol, R8 500.

**12** Faktuur nr. 30 is uitgereik aan T. King vir R1 100, vir die aankoop van goedere op krediet.

**18** T. King stuur foutiewe goedere ter waarde van R380 terug. Kredietnota nr. 18 word uitgereik.

**22** Ontvang R550 van T. King ter gedeeltelike betaling van sy rekening.
Reik kwitansie nr. 022 uit.

**[25]**

**VRAAG 6**

**ALGEMENE GROOTBOEK**

Bestudeer die voltooide joernale van Bevens Handelaars vir Maart 2010.

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING:</u>**

6.1 Open die Bankrekening en boek die voltooide kontantjoernale oor. (5)

6.2 Balanseer die rekening aan die einde van Maart 2010.

**KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN BEVENS HANDELAARS – MAART 2010** **KOJ 2**

| Dok Nr. | Dag | Besonderhede | Fol | Ontleding van Ontvangste | | Bank | | Verkope | | Koste Van Verkope | | Diverse Rekeninge | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | Bedrag | | Fol | Besonderhede |
| | | | | | | 24 853 | - | 8 620 | - | 6 183 | - | 10 050 | - | | |
| | | | | | | B6 | | N1 | | N2/B4 | | | | | |

**KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN BEVENS HANDELAARS – MAART 2010** **KBJ 2**

| Dok Nr. | Dag | Naam van Begunstigde | Fol | Bank | | Handelsvoorraad | | Lone | | Diverse Rekeninge | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | Bedrag | | Fol | Besonderhede |
| | | | | 16 200 | - | 8 700 | - | 1 500 | - | 6 000 | - | | |
| | | | | B6 | | B4 | | N3 | | | | | |

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**AFDELING D**

**ENTREPRENEURSKAP**

**VRAAG 7**

**SEKTORE IN DIE EKONOMIE**

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

> Joe se onderwyseres het begin om hulle te leer van die Ekonomiese Sektore. Joe het veral aandagtig geluister na haar verduideliking oor die produksie, hoe die 3 sektore in mekaar pas en wat in elke sektor gebeur.

7.1 Noem die DRIE sektore wat in die ekonomie aangetref word. (3)

7.2 Verduidelik kortliks hoe die verskillende sektore sal bydra om 'n 'tafel' te maak. (6)

7.3 Lys TWEE tipes ondernemings wat in elke sektor aangetref kan word. (6)

7.4 Watter vlak van vaardighede moet werkers in die vervaardigingsbedryf hê? Verduidelik jou antwoord. (3)

7.5 Verduidelik EEN manier hoe besighede in die tersiêre sektor die volhoubare gebruik van hulpbronne in die omgewing kan bevorder. (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**